Primêre Skool **PARYS** Primary School
DIEN EN OFFER

**Afrikaans EERSTE ADDISIONELE TAAL** **MAART 2023**
**Graad 4** **TAAK 3**
**Assesseringsinstrument: NASIENRIGLYNE**
**Totaal: ___/40**
**Eksaminator: BC. Dednam**
**Moderator: J. Marais**
**Naam: ____________________________________** **Gr. 4 ____**
**Datum: ___________________**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae.

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 1: | Leesbegrip | (15) |
| VRAAG 2: | Visuele teks | (10) |
| VRAAG 3: | Taalstrukture | (15) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Kyk na jou spelling en sinskonstruksie.

4. Skryf netjies en leesbaar.

5. Skryf **AL** jou antwoorde in vol sinne.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees die teks en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS A: STORIE

**Petrus Plaashond weet nou wie hy is**

1 Omdat Petrus Plaashond in 'n hoenderhok gebore is en sy beste maatjie Henkie Hoenderhaan is, het hy gedink hy is 'n hoender.

2 Elke oggend probeer Petrus nes Henkie kraai: "Koe-ke-le-Woef!" Een oggend kry Petrus 'n vet wurm en gril toe hy die wurm insluk. "Ai," sug hy, "hoekom moet hoenders wurms eet? "Kan ons nie eerder aan 'n been kou nie."

3

In sy hartjie voel hy alles is nie pluis nie. Hy kan nie kraai soos Henkie Hoenderhaan nie. Hy hou ook nie daarvan om te loop en pik nie – dit
4 maak sy snoet seer.

Daardie aand word Petrus wakker van 'n krap-geluid aan die hoenderhok.
5 Saggies sluip Petrus nader. Sy hartjie klop vinnig. Hy MOET gaan kyk wat die geluid maak!

6 "WOEF-WOEF!" blaf Petrus verbaas. 'n Jakkals is tussen die hoenders.

Petrus spring die jakkals onderstebo! Hy byt hom aan sy boud, want hy het tande! Die jakkals hinkepink by die hoenderhok uit. "Woef!" blaf hy trots. "Sjoe, vir 'n hoender kan jy goed blaf!" Petrus glimlag. Dit is belangrik dat 'n mens altyd die ware jy is!



[Verwerk en aangepas uit: www.kleuters.co.za]

1.1 Wat is die titel van die storie?

_______________________________________________ (1)

1.2 Hoekom het Petrus Plaashond gedink hy is ŉ hoender? Noem TWEE redes.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________(2)

1.3 Onderstreep die regte antwoord tussen hakies.

ŉ Hoender (kraai/blaf) die mense vroeg in die oggend wakker. (1)

1.4 Pas kolom B se rede by die feit in kolom A – Skryf die **regte letter** langs die **regte nommer** onderaan op die lyntjies neer. (4)

Bv. 1.4.5 E

| | **Kolom A** | | **Kolom B** |
|---|---|---|---|
| 1.4.1 | Petrus kraai nie soos Henkie nie, | A | Want sy snoet kry te seer. |
| 1.4.2 | Petrus loop en pik nie, | B | want hy het tande. |
| 1.4.3 | Petrus gril vir wurms, | C | want hy wil eerder bene eet. |
| 1.4.4 | Petrus kan byt, | D | want sy kraai het ŉ blaf in. |

1.4.1 ________ 1.4.2 ________ 1.4.3 ________ 1.4.4 ________

1.5 Lees weer paragraaf 3.

Kies die regte antwoord. Omkring die regte antwoord.

"In sy hartjie voel hy alles is nie pluis nie", beteken ...

A dit gaan baie goed.

B alles is nie reg nie.

C hy is baie opgewonde.

D hy is baie gelukkig. (1)

1.6 Hoekom het Petrus daardie aand wakker geword?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________(1)

1.7 Hoekom, dink jy, het Petrus se hartjie vinniger geklop?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________(1)

1.8 Watter dier was in die hok wat gevaarlik was vir die hoenders?

______________________________________________________________________ (1)

1.9 Hoe het Petrus Plaashond die hoenders teen die gevaarlike dier beskerm?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________(1)

1.10 Hoekom, dink jy, was Petrus trots toe hy kon blaf?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________(1)

1.11 Watter les kan jy uit hierdie storie leer?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________(1)

**[15]**

**VRAAG 2 – VISUELE TEKS**

Kyk na die tydskrif hier onder en beantwoord die vrae.

**TEKS B**




[Verwerk en aangepas uit: https://www.atkv.co.za]

2.1 Wat is die tydskrif se naam?

________________________________________________________

________________________________________________________ (1)

2.2 Hoe kan jy sien dat die donkie gelukkig is?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________(1)

2.3 Watter TWEE goed kan jy wen as jy hierdie tydskrif koop?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________(2)

2.4 Kyk na die prente/foto's op die tydskrif. Noem TWEE flieks waarvan jy in die tydskrif gaan lees.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________(2)

2.5 Hoeveel kos hierdie tydskrif?

______________________________________________________________________(1)

2.6 Hoe weet ons dat hierdie tydskrif spesiaal vir kinders is? Noem TWEE redes.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (2)

2.7 Sal jy hierdie tydskrif koop? Hoekom sê jy so?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (1)

**[10]**

**Vraag 3 - TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES**

Kyk na die prentjie hier onder en beantwoord die vrae wat volg.



3.1 Kies die korrekte VOORSETSEL uit die blokkie.

| in | op | onder |
|---|---|---|

3.1.1 Die man sit ________________ die kar. (1)

3.1.2 Die sebra staan ________________ die boom. (1)

3.2 Verbind die sin met die VOEGWOORD tussen hakies.

3.2.1 Die mense is opgewonde. Dit is vakansie. (want)

______________________________________________________________

______________________________________________________________(1)

3.2.2 Hulle sien ’n renoster. Hulle sien ’n kameelperd. (en)

______________________________________________________________

______________________________________________________________(1)

3.3 Gee die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord tussen hakies

Dit is ’n (goed) dag om na die diere te kyk.

______________________________________________________________(1)

3.4 Skryf die sin oor deur met die woord tussen hakies te begin.

Die mense kyk (soms) na die diere in die park.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

3.5 Gee die MEERVOUD van die volgende woorde.

3.5.1 kar ______________________________ (1)

3.5.2 voël ______________________________ (1)

3.6 Gee die TRAPPE VAN VERGELYKING vir die volgende woord. (2)

| **Stellende trap** | **Vergrotende trap** | **Oortreffende trap** |
|---|---|---|
| mooi | 3.6.1 | 3.6.2 |

3.7 Gee die ANTONIEME (teenoorgestelde betekenis) vir die woorde tussen hakies.

3.7.1 Die mense het (mooi) diere gesien. ___________________________(1)

3.7.2 Die mense was (slim) om 'n hoed saam te vat.___________________(1)

3.8 Kies die regte woord tussen hakies. Onderstreep die regte antwoord.

3.8.1 Die dogter se trui was (pienk/pink). (1)

3.8.2 Almal het nuwe (kleure/klere) vir die vakansie gekoop. (1)

3.9 Skryf die volgende sin in die VERLEDE TYD.

Die mense kyk na die mooi diere.

________________________________________________________________

________________________________________________________________(1)

**[15]**

**GROOTTOTAAL: [40]**

Primêre Skool **PARYS** Primary School
DIEN EN OFFER

**Afrikaans EERSTE ADDISIONELE TAAL** **MAART 2023**
**Graad 4** **TAAK 3**
**Assesseringsinstrument: NASIENRIGLYNE**
**Totaal: ___/40**
**Eksaminator: BC. Dednam**
**Moderator: J. Marais**
**Naam: NASIENRIGLYNE** **Datum: ___________________**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**Nasien van die leesbegrip:**

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie, tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

**VRAAG 1**

| **Vr.** | **Antwoord** | **PUNT** | **VLAK** |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Petrus Plaashond weet nou wie hy is ✓ | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.2 | Hy is in 'n hoenderhok gebore ✓<br>Sy beste maatjie is 'n hoender✓ | 2 | 2 |
| | | | |
| 1.3 | kraai ✓ | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.4.1 | D ✓ | 1 | 3 |
| | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.4.2 | A ✓ | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.4.3 | C ✓ | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.4.4 | B ✓ | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.5 | B alles is nie reg nie. ✓ | | |
| | | | |
| 1.6 | Daar was 'n krap-geluid aan die hoenderhok. ✓ | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.7 | Hy was bang/bekommerd/opgewonde. ✓<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 | 4 |
| | | | |
| 1.8 | 'n Jakkals ✓ | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.9 | Hy spring die jakkals onderstebo./Hy byt hom aan sy boud. ✓ | 2 | 2 |
| | | | |
| 1.10 | Hy was 'n hond/Hy kon blaf/ Hy kan bene eet. ✓<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan* | 1 | 4 |
| | | | |
| 1.11 | Dit is belangrik dat 'n mens altyd die ware jy is! ✓<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 | 4 |
| | **TOTAAL** | **[15]** | |

| | **BARRETT SE TAKSONOMIE** | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Vlak** | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| **%** | **40%** | | **40%** | **20%** | |
| **Aantal punte** | 2 | 4 | 6 | 3 | 0 |
| **Totaal** | **6** | | **6** | **3** | |

**VRAAG 2**

| Vr. | Antwoord | Punt | Vlak |
|---|---|---|---|
| 2.1 | Hoezit ✓ | 1 | 1 |
| | | | |
| 2.2 | ʼn Mens sien sy tande/Sy oë is groot ✓<br>*Die kandidaat bied ʼn soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 | 4 |
| | | | |
| 2.3 | ʼn Vakansie ✓<br>ʼn Selfoon ✓ | 2 | 2 |
| | | | |
| 2.4 | Shrek ✓<br>Harry Potter ✓ | 2 | 3 |
| | | | |
| 2.5 | R30 ✓ | 1 | 1 |
| | | | |
| 2.6 | Daar staan op die tydskrif dit is net vir kinders/dit is kinderprente/Hulle gee raad hoe om boelies in skole te hanteer. ✓ ✓<br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir TWEE punte aan.* | 2 | 3 |
| | | | |
| 2.7 | Ja, die tydskrif lyk interessant/daar is goeie artikels/die prentjies lyk oulik./<br>OF<br>Nee, ek hou nie van lees nie.✓<br>*Die kandidaat bied ʼn soortgelyke antwoord vir EEN punt aan* | 1 | 5 |
| | **TOTAAL:** | **[10]** | |

| | BARRETT SE TAKSONOMIE | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Vlak** | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| **%** | **40%** | | **40%** | **20%** | |
| **Aantal punte** | 2 | 2 | 4 | 1 | 1 |
| **Totaal** | **4** | | **4** | **2** | |

**VRAAG 3**

| Vr. | Antwoord | Punt | Vlak |
|---|---|---|---|
| 3.1.1 | in ✓ | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.1.2 | onder ✓ | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.2.1 | Die mense is opgewonde, want dit is vakansie. ✓ | 1 | 4 |
| | | | |
| 3.2.2 | Hulle sien 'n renoster en 'n kameelperd. ✓ | 1 | 4 |
| | | | |
| 3.3 | goeie ✓ | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.4 | Soms kyk die mense na die diere in die park. ✓ | 1 | 4 |
| | | | |
| 3.5.1 | karre ✓ | 1 | 1 |
| | | | |
| 3.5.2 | voëls ✓ | 1 | 1 |
| | | | |
| 3.6.1 | mooier ✓ | 1 | 2 |
| | | | |
| 3.6.2 | mooiste ✓ | 1 | 2 |
| | | | |
| 3.7.1 | lelik ✓ | 1 | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| 3.7.2 | dom ✓ | 1 | 2 |
| | | | |
| 3.8.1 | pienk ✓ | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.8.2 | klere ✓ | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.9 | Die mense het na die mooi diere gekyk. ✓ | 1 | 3 |
| | | | |
| | **TOTAAL:** | **[15]** | |

| | **BARRETT SE TAKSONOMIE** | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Vlak** | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| **%** | **40%** | | **40%** | **20%** | |
| **Aantal punte** | 2 | 4 | 6 | 3 | 0 |
| **Totaal** | **6** | | **6** | **3** | |

**TOTAAL: 40**